

Eksperiment: Sterkte van materiale

Jy wil 'n toets by die huis doen om te kyk watter van die materiale die sterkste is. Die materiale wat jy benodig is die volgende: tinfolie, koerantpapier, witpapier, waspapier, plastieksak.

Benodighede

- Elk van die bogenoemde materiale. (As jy nie een van hierdie materiale by die huis het nie, gebruik enige iets anders. Wees kreatief.)
- Stukkie tou
- Skuifspeld X 2
- Gewiggies (Jy kan enige iets gebruik – Sak met klippies, speelgoed, boeke, enige iets)

Fokusvraag

Skryf 'n fokusvraag neer. Wat is die doel van jou eksperiment. Wat wil jy toets. Onthou jou vraagteken.

Hipotese

Wat dink JY gaan gebeur? Moenie eers die toets doen nie. Jy mag maar verkeerd wees.

Volgens die navorsing wat ek gedoen het, sal die _____ die sterkste materiaal wees.


Metode

- Sny elke materiaal in presies dieselfde grote blokke. Sny 'n paar van elke materiaal sodat jy die toets kan herhaal terwille van akkuraatheid.
- Neem die stukkie tou en knoop dit vas aan oopgebuijgde skuifspelde. Daar moet 'n skuifspelde aan weerskante van die tou wees.
- Hak die eenkant van tou aan 'n sakkie.
- Hak die anderkant aan die materiaal wat jy wil toets.
- Hou aan gewigte (klippe) by die sakkie voeg totdat die sakkie breek.

- Moenie dat die gewigte in die sakkie val nie, sit dit saggies daarin neer.
- Belangrikste stap: Neem jousef op en post die video op FlipGrid.

<https://flipgrid.com/aec74cfe>

-



Resultate

Elke keer nadat die materiaal geskeur het, tel hoeveel klippe dit laat skeur het en teken jou resultate op. Herhaal die proses 'n paar keer.

	Probeerslag 1	Probeerslag 2	Probeerslag 3	Gemiddeld
Tinfoelie				
Koerantpapier				
Witpapier				
Waspapier				
Plastieksak				

Gevolgtrekking

Kyk na jou resultate en sê watter materiaal die sterkste is.
